


# VERGEWE… SONDER VERDIENSTE

**Ysbreker**

Wanneer is dit vir jou maklik om iemand te vergewe?

En wanneer vergewe jy moeilik?

**VIDEO**

Kyk saam na **die video-snit van Brink en Alet (17min)** se getuienis

- Wat het jou aangegryp of wat pla jou hiervan?

- Watter impak het Alet se optrede – vermoë om te vergewe – tot gevolg gehad?

**Opweg met die Woord I:** Lees **Matteus 18:21-35**

- Wat het jou opgeval in die lees van die gedeelte?

- Wat leer ons in hierdie verhaal oor vergiffenis?

- Hoekom dink jy is die opdrag om 70 x 7 te vergewe?

**Opweg met die Woord II:** Lees **Matteus 6:5-15**

- Wat het jou opgeval in die lees van die gedeelte?

- Wat leer ons in hierdie gedeelte oor vergiffenis?

- Hoe stroop ons onsself (deur ons onvermoë om te vergewe) van die geleentheid om in ‘n dieper verhouding met die Here te kom?

- Hoekom is dit vir ons so moeilik om mense te vergewe?

**‘n Moeilike saak**: (What is so Amazing about Grace)

> “All too often I drift back to a tit-for-tat struggle that slams the door on forgiveness. *Why should I make the first move? I was the one wronged!* So I make no move, and cracks in the relationship appear, then widen. In time a chasm yawns open that seems impossible to cross. I feel sad, but seldom do I accept the blame. Instead, I justify myself and point out the small gestures I made towards reconciliation. I keep a mental accounting of those attempts so as to defend myself if I am ever blamed for the rift. I flee from the risk of grace to the security of ungrace.”

- Hoe dra so ‘n optrede daartoe by dat ‘n verhouding nie ‘n kans het tot herstel of groei nie?

- Wat dink julle het ons die meeste nodig in ons verhoudings?

- Hoekom dink julle is grace en vergiffenis ***risky***?

- In watter mate is die keuse om te vergewe ‘n geloofshandeling waarin ek my vertroue op God plaas? Hoe doen ‘n mens dit…

**VIR ‘N DIEPER KYK NA JOUSELF :**

- **Kry jy dit reg om maklik te vergewe of is dit vir jou moeilik om mense wat jou te na kom te vergewe?**
- **Die keuse om te vergewe beteken dat jy die inisiatief moet neem. Neem jy gewoonlik die inisiatief of wag jy vir die ander persoon om die eerste skuif te maak?**
- **Is die Heilige Gees op die oomblik besig om in jou te werk om die inisiatief te neem in so ‘n herstel-proses? Begin bid vir die persoon, verhouding waaraan jy dink**
- **Bid vir moed en vertroue in die Here om so inisiatief te neem om gebroke verhoudings te gaan reg maak.**